



Brief van die Hoofbeampte

Geagte Pensioenarisse

Met die einde van nog 'n jaar in sig besin ons oor goeie herinneringe en uitdagings wat oorkom moes word, beide persoonlik en wat betref gebeure rondom ons. 'n Terugblik help ons nie net om ons suksesse te herken en te vier nie, maar ook om te kyk hoe ons in die toekoms nog beter kan vaar.

In hierdie uitgawe gee ons die jongste nuus oor die pensioenaristrusteeverkiesing, die goeie nuus oor verhogings vir pensioenarisse en peins op 'n ligter noot oor hoe 'n mens "Vader Tyd se pas kan vertraag".

Ek hoop van harte dat u hierdie laaste maand van 2018

sal gebruik om oor die afgelope jaar terug te dink sodat u die komende jaar kan aanpak met nuwe krag en vasbeslotenheid om elke dag beter as die vorige te maak.

Ons bid vir u veilige bewaring gedurende die vakansietyd en dat u 'n vreugdevolle en sinvolle samesyn met familie en vriende sal hê.

Geniet die leesstof!



Ilse Hartlief
Hoofbeampte

PENSIOENARISTRUSTEEVERKIESING

Vroeër vanjaar het u 'n brief ontvang waarin u gevra is om 'n kandidaat te benoem wat u belange na u mening die beste op die Fonds se Raad van trustees kan verteenwoordig. Omdat ons net een benoeming ontvang het, was dit nie nodig om voort te gaan met 'n formele stemproses nie. Ons is dus verheug om aan te kondig dat mnr. Jan van den Berg amptelik met ingang van 01 Januarie 2019 as 'n pensioenaristrustee herkies is. Ons wil die geleentheid gebruik om Jan vir sy toewyding te bedank en sien uit na sy voortgesette waardevolle bydrae.



VERHOEGINGS VIR 2019 VERKLAAR

Goeie nuus ... die teiken vir pensioenverhogings verhoog van 65% na 70% van die VPI

Die Fonds se pensioenverhogingsbeleid bevestig op formele wyse die sin en motivering onderliggend aan die jaarlikse verhogings wat aan pensioenarisse toegestaan word. Die trustees kan hul oordeel gebruik om van tyd tot tyd die pensioenverhogingsbeleid op grond van die posisie en omstandighede van die Fonds en ná oorlegpleging met die aktuaris te hersien en aan te pas. Die trustees kan die teiken vir pensioenverhogings verhoog of verlaag afhangend van die finansiële stand van die pensioenarisrekening.

Die trustees streef daarna en werk hard om die pensioenverhogingsteiken op te stoot. Om dit te bereik, is die Fonds se beleggingsstrategie gemik op 'n balans in die samestelling van beleggings tussen groeibates en veiliger bates. Die oorskot in die pensioenarisrekening het op 30 Junie 2018 tot R63.4 miljoen gegroei. Daarby het die Fonds se solvensiereserwe op 30 Junie 2018 R45.7 miljoen bedra. Hierdie reserwe help om die pensioenarisrekening teen potensiele negatiewe gebeure in die toekoms te beskerm.

In die lig van bogenoemde is ons bly om te kan bevestig dat die trustees besluit het om die pensioenverhogingsteiken met ingang van 1 Januarie 2019 van 65% tot 70% van die verbruikersprysindeks (VPI) op te stoot. Die Fonds se pensioenverhogingsbeleid behels dus nou die volgende:

- Om pensioene jaarliks te hersien en te streef na 'n pensioenverhoging van 70% van die VPI, geldig van 1 Januarie maar gegrond op die VPI tot die voorafgaande 30 Junie (onderhewig aan bekostigbaarheid soos bepaal deur die aktuaris na aanleiding van beleggingsopbrengste), insluitende die waarde van enige bonus.
- Om elke drie jaar 'n inhaal-hersiening te doen om pensioene tot 100% van die VPI sedert die datum van aftrede te verhoog (bekend as 'n minimum pensioenverhoging), onderhewig aan die waarde van die veronderstelde pensioenarisrekening en bekostigbaarheid, soos voorsiening voor gemaak is in die Pensioenfondswet, soos gewysig.

Op grond van bogenoemde het die trustees met ingang van 1 Januarie 2019 'n pensioenverhoging van 3.22% verklaar.

Hierdie besluit is in oorleg met die Fonds se aktuaris geneem en stem ooreen met die Fonds se gewysigde pensioenverhogingsbeleid. Pro rata-verhogings sal geld vir pensioene wat vir minder as 'n jaar betaal word.

Bonus vir pensioenarisse Pensioenarisse sal ook in Desember 2018 'n bonus gelykstaande aan 60% van hul bruto maandelikse pensioen ontvang. Pro rata-bonusse sal betaal word aan pensioenarisse wat vir minder as 'n jaar 'n pensioen ontvang.

Welgedaan aan die trustees wat dit moontlik gemaak het dat u vanjaar iets ekstra huis toe kan neem.

Onthou asseblief: Pensioenverhogings en enige bonusverklarings hang van bekostigbaarheid af en is altyd gebaseer op gesonde beleggingsopbrengste deur die Fonds behaal. Bonusse word nie gewaarborg nie en word uit die oorskot gefinansier. 'n Gedeelte van die oorskot is gebruik om die pensioenfondsteiken van 65% tot 70% van die VPI op te stoot. Toekomstige bonusse kan slegs oorweeg word indien daar 'n oorskot bestaan. Pensioenarisse moenie verwag dat bonusse noodwendig elke jaar toegestaan sal word nie.

BETAALDATUMS VIR 2019



U pensioen sal op die 22ste van elke maand betaal word. As die 22ste op 'n Saterdag val, sal u pensioen op die Vrydag reeds in u rekening wees, maar indien die 22ste op 'n Sondag val, sal u pensioen op die Maandag daarna in u rekening getoon word. Ons weet dat u pensioenbetalingsdatums vir u belangrik is en het die datums dus vir gerieflike naslaandoeleindes ingesluit.

22 Januarie	22 Februarie	22 Maart	22 April	22 Mei	21 Junie
22 Julie	22 Augustus	22 September	22 Oktober	22 November	13 Desember

VERTRAGING VAN VADER TYD SE PAS

Mens sou dink dat jy ná aftrede meer tyd sou hê om al die dinge te doen wat jy nog altyd wou doen, maar dit lyk of die tyd vinniger verbygaan hoe ouer ons word.

Wetenskaplikes het verskeie teorieë oor die saak, waarvan die gewildste is dat elke jaar 'n kleiner persentasie van jou lewe uitmaak soos wat jy ouer word. As jy tien jaar oud is, verteenwoordig 'n jaar tien persent van jou lewe. As jy vyftig jaar oud is, verteenwoordig 'n jaar twee persent, ens.

“Die slegte nuus is dat die tyd vlieg. Die goeie nuus is dat jy die vlieënier is.” (Michael Althsuler)

As jy Vader Tyd wil vertraag, laat die dag bietjie sloer deur iets anders te doen. Moenie net deur die lewe rondobber nie. Doen iets anders so dikwels as wat jy kan. Leer iets nuuts aan. Probeer iets nuuts. Gaan êrens waar jy nog nooit was nie. Dryf jouself ...

Oefen:

Jy is nooit te oud om met 'n vorm van oefening te begin nie. Om jou welstand te verbeter is die beste geskenk wat jy jouself kan gee.



Geniet nuwe ervarings:

Jy het niks om te verloor nie en kan net wen deur prettige nuwe goed te doen.



Gee aandag:

'n Ervaring duur langer hoe meer aandag jy daaraan gee. Wees bedag op dinge en neem elke ervaring bewustelik in; jy sal dalk verbaas wees oor wat alles by jou verbygegaan het!



Lewe in afwagting:

Sien uit na komende gebeurtenisse/ervarings, verbeel jou hoe dit sal wees en saam met wie jy dit sal geniet, ens. Die tyd sal stadiger verbygaan en navorsers sê dat jy die afwagting meer as die gebeurtenis self sal geniet.



Hou jou brein fiks:

Moenie ophou leer nie; leer beteken dat jy nuwe ervarings beleef wat jou kognitiewe funksie verbeter. Kies iets wat jy sal geniet. Miskien wou jy nog altyd leer om 'n musiekinstrument baas te raak.



Dink terug:

Span jou geheue in om herinneringe op te diep wat jou bly maak, of gebeure te onthou wat jou lewenslesse geleer het. Om te oefen om te onthou sal jou geheue langer aktief en helder hou.



Bly positief:

Moet nooit opgee nie, volhard, druk deur in moeilike omstandighede, moenie terugdeins vir uitdagings nie en behou jou glimlag.



“As jy twee uur lank by ’n mooi meisie sit, voel dit vir jou soos ’n minuut, maar as jy ’n minuut lank op ’n warm stoof sit, sal jy dink dit is twee uur. Dít is relatiwiteit.” **Albert Einstein**

